

25 November

Skrifgedeelte: Openbaring 2:1-7
Fokusgedeelte: Openbaring 2:1, 7

Verkondig die nuwe lewe in Christus aan die hele wêreld!

As Christene word ons geroep om die nuwe lewe in Christus te verkondig. Hierdie nuwe lewe moet gehoor en gesien word in elke gemeente, want dit is juis die belofte dat elkeen wat die oorwinning behaal, die lewe sal ontvang.

Let op die wyse waarop die gemeente van Efese geroep word. Christus stel Homself in vers 1 bekend as die Een wat tussen die sewe goue kandelare rondgaan. Hy ken elke gemeente en daarom meld Hy die onvermoeide arbeid teen dwaalleer en die volharding van die gemeente te midde van vervolging en bespotting. Hy waarsku hulle dat hulle Hom nie meer so liefhet as in die begin nie en eis bekering van hulle verkeerde pad.

Die belofte aan die einde van dié wat oorwin, het egter 'n verband met die selfbekendstelling (vs 1) van Christus. Hy is wandelende tussen die sewe goue kandelare en altyd lewend by elke gemeente teenwoordig. In die Ou Testament was daar 'n motief op die kandelaar ingegraveer. Hierdie motief op die goue kandelaar was volgens Eksodus 25:31-40 'n bloeiende amandelboom. Die amandelboom is beskou as die lewensboom, die boom tot die lewe. Dit is die eerste vrugteboom wat ná die winter in Palestina bloei. Nuwe lewe ná die winter!

Wie oorwin, kry te ete van die boom van die lewe wat in die paradys van God is. Die kerk (gelowiges) word hier met die goue kandelaar vergelyk. Die kandelaar het altyd die belofte van die bloeiende amandelboom van die lewe gedra. Op Christus se tyd sal die belofte vervul word in die tempel en tuin van die lewende Verbondsgod en vir elkeen wat in Jesus Christus ons Koning oorwin.

Hierdie belofte moet ons verkondig, naamlik die belofte om die nuwe lewe in Christus aan die hele wêreld bekend te maak. Wat 'n roeping! Wat 'n opdrag!

Sing: Psalm 92:6, 7 (1936); Skrifberyming 38:1-3 (15-2) Ds. PA Coetzee (Potchefstroom)